Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat: Verkrygingsbestuur

Verwysing: 20211118-7990
Lêerno.: 5/1/P
Navrae: PJ Abrahams

Verkrygingsbestuursminuut: 0004/2021

Aan: Superintendent-generaal Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure en VKB-amptenare en VKB-kampvegters

**Onderwerp: Hersiene besigheidsaaktemplaat vir items wat op die jaarlikse verkrygingsplan gelys is**

1. Die doel van hierdie minuut is om amptenare in te lig oor die hersiene besigheidsaaktemplaat wat ingevul moet word vir alle items waarvan die geraamde waarde bo R100 000 is, en wat op die jaarlikse verkrygingsplan gelys is na aanleiding van die aanvraag-bestuurstelsel en verkrygingstrategie.

2. 'n Hersiene besigheidsaaktemplaat is hierby aangeheg wat deur verantwoordelikheidsbestuurders, wat jaarliks verkrygingsitems identifiseer, ingevul moet word.

3. Die besigheidsaaktemplaat is hersien op grond van die verhoging van die drempelwaardes betreffende die Nasionale Tesourie Verkrygingskettingbestuur (NTV)--instruksie No. 02 van 202122, gedateer 08 Junie 2021.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) moet die goedere en dienste identifiseer wat benodig word om die uitkomste te bereik wat in die WKOD se Strategiese Plan in die vooruitsig gestel word. Dit is 'n oefening wat deur die eindgebruiker (programbestuurder/verantwoordelikheidsbestuurder) uitgevoer moet word in samewerking met die voorsieningskettingpraktisyn met die bystand van 'n tegniese strategiese verkrygingspesialis/-ontleder soos en wanneer nodig. Die doel is om te verseker dat waarde vir geld verkry word. Beide huidige en toekomstige behoeftes moet op grond van die WKOD se Strategiese Plan bepaal word en by die goedgekeurde Jaarlikse Verkrygingsplan ingesluit word.

5. Hierdie behoeftes moet deur verantwoordelikheidsbestuurders as 'n besigheidsaak gedokumenteer word wanneer hulle hul rekwisisies vir alle items wat op die goedgekeurde jaarlikse verkrygingsplan gelys is, voorlê. Die besigheidsaak moet deur verantwoordelikheidsbestuurder saamgestel word en moet dan aan die betrokke takhoof/adjunk-direkteur-generaal of rekenpligtige beampte vir goedkeuring voorgelê word.

6. Volgens die WKOD se goedgekeurde Rekenpligtige Beampte se Stelsel, moet 'n besigheidsaak die volgende insluit:
   "*a) High level statement of needs*
   *b) Links between the needs and the programme's strategic outcomes*
   *c) Comprehensive understanding of the market and operating environment*
   *d) Indication of whole-of-life costs*
   *e) Costs/benefits/risks analysis.*"

7 Die besigheidsaaktemplaat moet ook gebruik word vir ALLE sake waar beperkte bieëry as die verkrygingsmetode gebruik word. Provinsiale Transversale kontrakte moet verder deur 'n goedgekeurde besigheidsaak gestaaf word en moet 'n strategiese verkrygingsmetodologie volg wat deur die bestaande vereistes vir verkrygingskettingbestuur beheer moet word.

8. Om enige nienakoming te voorkom, moet alle WKOD-amptenare aan die bepalings van hierdie minuut voldoen, ingeslote die Nasionale Tesourie-regulasies en -instruksies, die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie-instruksies, die Rekenpligtige Beampte se Stelsel en VKB-afvaardigings met betrekking tot verkrygingsprosesse.

9. Hierdie minuut tree onmiddellik in werking.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle WKOD-amptenare.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2021-12-14